Het invoer uit Namibië 'n invloed op Suid-Afrikaanse pryse?

Daar heers groot kommer oor die afwaartse neiging van Suid-Afrikaanse lewendehawepryse wat tans gesien word. Hoewel verskeie faktore vir dié scenario verantwoordelik gehou kan word, is boere die meeste bekommerd oor die invoer van lewende diere uit Namibië. Dit het tot 'n situasie gelei waar heelwat aannames en persepsies onder boere en ander belanghebbendes gedeel word.

SUID-AFRIKA se Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) wil graag die volgende inligting deel ten einde 'n realistiese prentjie te skets van die scenario met betrekking tot invoer uit Namibië. Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie moontlik is om toegang tot intydse data te verkry nie en daarom kan slegs staatgemaak word op data uit die onlangse verlede.

Beeste

Beesinvoer uit Namibië bestaan grootliks uit speenkalwers wat vir voerkrale in Suid-Afrika bestem is.

Eerstens moet gemeld word dat lewende beeste uit Namibië 'n relatief klein gedeelte beslaan van die totale aantal diere wat formeel in Suid-Afrika geslag word ('n gemiddelde van 8% per jaar van 2017 tot 2023). Hoewel die aanbod uit Namibië 'n invloed op die prys sal hê, is dit nie genoeg om groot prysskokke te veroorsaak nie.

GRAFIEK 1 bewys dat daar geen verwantskap tussen die getal diere ingevoer en die pryse is nie, aangesien die prys daal tydens die jare wanneer Suid-Afrika minder invoer (byvoorbeeld in 2019) en andersom (byvoorbeeld in 2018).

Die volgende moet egter uitgelig word: Eerstens het die skerp afname wat tans in die speenkalfprys waargeneem word, ook tydens dieselfde tydperk in die vorige twee jare voorgekom. Tweedens, wanneer na invoer van Februarie tot April gekyk word, is die syfers laer as tydens die wintermaande wanneer Suid-Afrika se pryse eintlik styg, hoewel meer diere tydens hierdie tydperk ingevoer word. Derdens moet daarop gelet word dat hoewel die Namibiese prys meestal aansienlik laer is as die Suid-Afrikaanse prys, is dit die prys wat Namibiese boere ná vervoer ontvang.

Nog 'n waarneming is die neiging dat invoer uit Namibië skynbaar toeneem wanneer die Suid-Afrikaanse prys styg of wanneer die gaping tussen die Namibiese uitvoerprys en die Suid-Afrikaanse prys toeneem (die gaping impliseer inderwaarheid dat die plaaslike Namibiese pryse tydens dié tydperke baie laag is en dat selfs die uitvoerpryse na Suid-Afrika beter is as die plaaslike Namibiese pryse). In tydperke wanneer Suid-Afrikaanse pryse laer is, lei dit grootliks tot 'n afname in invoer.

GRAFIEK 1 Maandelikse beesinvoer uit Namibië, Namibiese uitvoerprys en die Suid-Afrikaanse speenkalfprys van 2017 tot 2023



BRON: RPO

GRAFIEK 2 Maandelikse skaapinvoer uit Namibiese, Namibiese uitvoerprys en Suid-Afrika se A2-karkasprys van 2017 tot 2023



BRON: RPO

Skape

Skaapinvoer uit Namibië bestaan grootliks uit diere wat bestem is vir abattoirs in Suid-Afrika. Net soos in die geval van beeste, beslaan lewende skape wat uit Namibië ingevoer word, 'n relatief klein gedeelte van die totale aantal diere wat formeel in Suid-Afrika geslag word (gemiddeld 8,8% per jaar van 2017 tot 2023).

GRAFIEK 2 onthul nie 'n verwantskap tussen prys en invoersyfers nie, aangesien pryse dikwels toeneem terwyl invoer styg.

Die lae karkasprys wat in Maart gesien is, het ook tydens die vorige twee jaar voorgekom, waarna dit tydens April begin styg het. Die prysstyging wat sedert April voorgekom het, was ook teen die agtergrond van selfs hoër invoersyfers.

Hier is dit ook duidelik dat hoewel die Namibiese prys ongeveer R4/kg laer is as die Suid-Afrikaanse prys, die verskil nie genoeg is om "storting" te veroorsaak nie aangesien vervoerkoste nog bygereken moet word.

Nog 'n waarneming om op te let, is die neiging dat invoer uit Namibië skynbaar toeneem wanneer die Suid-Afrikaanse prys styg (soortgelyk as in die geval van beeste). **LBW**

Dr. Frikkie Maré is die uitvoerende hoof van Suid-Afrika se Rooivleisprodusente-organisasie (RPO).

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **corine@rpo.co.za** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**